

2022 LANDBOU TOEKENNING

vir uitsonderlike prestasie in die 2021 finansiële jaar

Geagte Gewaardeerde Kliënt

U TUSSENGANGER IS EEN VAN ONS BESTE

Ek maak met genoeë bekend dat u vertroude tussenganger, **Emerald Portefeulje Bestuur Pty Ltd**, onlangs by die Santam 2022 "Intermediary Connect"-sessies die **Landbou en Silwer Toekennings vir Uitmuntende Prestasie in die 2021 Finansiële Jaar** verower het.

Die toekennings erken en beloon tussengangers wat in 'n finansiële jaar deurlopend goed gepresteer het, en dit is veral prysenswaardig in die lig van die moeilike tye waarin ons ons tans bevind. Daar is 'n streng seleksieproses wat niks minder as uitmuntendheid van ons tussengangers vereis nie.

By Santam is ons trots op ons vennootskappe en ons is trots om met **Emerald Portefeulje Bestuur Pty Ltd** saam te werk om u regte, egte versekering te bied. Dit beteken u kan gerus wees dat u bates deur die beste in die bedryf gedek word.

Die risikolandskap verander voortdurend en raak toenemend ingewikkeld, en die rol van tussengangers as vertroude risiko-adviseurs was nog nooit belangriker as nou nie. Ons is daartoe verbind om met hulle saam te werk om produkte, advies en ondersteuning te bied wat nodig is om nou en in die toekoms die uitdagings van die veranderende risikolandskap die hoof te bied.

Baie dankie vir die vertroue wat u in **Emerald Portefeulje Bestuur Pty Ltd** en Santam stel om u van regte, egte versekering te voorsien.

Groete

Mike Glasby

Hoof: Makelaarsdienste Suid